# Ontmoeting 3

## 'n Seuntjie deel sy kos

Kinders leer dat almal iets kan doen in God se koninkryk

**Teks**: Johannes 6:1–14

**Hulpmiddels:**

- Iets wat gegooi kan word (soos 'n bal – hoe groter, hoe beter – of ' n boontjiesakkie, skoen of hondespeelding in die vorm van 'n vis)
- Viltbord met prente om daarop te gebruik
- Kopieë van die vissie–doolhof
- Kopieë van "Soek die vissies en broodjies"
- Macaroni
- Vissies uit spons of karton geknip of vis–kraletjies
- Veters, tou of lint
- 'n Man wat die storie kom vertel

**Welkom**

Alaska bofbal (Alaskan Baseball):

Vir hierdie speletjie is daar baie spasie nodig in 'n groot oop saal of buite. Om in te skakel by die vissie–en–broodjie–tema van die storie, kan daar vissies op die bal of boontjiesakkie geteken word. As die item wat gegooi word in die vorm van 'n vis is, kan dit bydra tot die pret van die speletjie.

Inleiding: In Alaska speel die mense op 'n interessante manier bofbal (baseball). Hulle speel dit gewoonlik nie met 'n bal nie, maar met 'n vis wat hulle in die yswater gevang het. Ons het egter nie vandag 'n vis om te gebruik nie en gaan dus 'n gewone bal (noem item waarmee julle speel) gebruik. Deel die groep in 2 spanne. Een kind kry die bal. Sy span moet dan 'n klein sirkeltjie vorm (skouer teen skouer). Sodra die sirkel gevorm is, moet die persoon die bal sover as wat hy kan in enige rigting gooi, en dan om die sirkel begin hardloop. Elke keer wat die persoon weer by sy/haar beginpunt kom, tel dit as 'n lopie. Die hele span moet die lopie getal hardop uitskree. Die ander span doen dan veldwerk. Hulle moet hardloop tot by die bal wat gegooi is en dadelik 'n reguit ry maak agter die persoon wat eerste by die bal was. Hulle moet dan die bal van voor na agter in die ry aangee deur dit bo–oor die eerste een se kop en onderdeur die volgende persoon se bene aan te gee. Die patroon moet tot aan die einde herhaal word. Bo–oor, onderdeur, bo–oor, onderdeur. Sodra dit by die laaste persoon kom, skree die laaste persoon: "Jy' s uit!" Gooi die item dan sover as moontlik. Sy span maak dadelik 'n sirkel en begin lopies hardloop. Die span wat nou net lopies gemaak het, moet nou veldwerk doen: die bal gaan haal, 'n ry maak en die bal bo–oor en onderdeur aangee tot agter. Speel die speletjie vir ongeveer 5 – 10 minute. Moenie dit te lank uitrek nie. Dit kan weer aan die einde gespeel word.

Balle/skoene (enige voorwerp wat aangegee kan word): Indien die groep te groot is vir die eerste speletjie of die spasie te min is, kan die volgende speletjie as 'n alternatief gespeel word. Laat die kinders in rye agter mekaar staan en gee vir elke voorste kind 'n bal. Skets vir die kinders die prentjie van hoeveel mense om Jesus was en dat hulle moet help om die mandjie met broodjies en vissies agtertoe aan te gee sodat almal kos kan kry. Hulle moet hulle verbeelding gebruik dat die balle mandjies kos is wat aangegee word. Die bal moet bo–oor die eerste een se kop en onderdeur die volgende persoon se bene na agter aangegee word. Die patroon moet tot aan die einde herhaal word. Bo–oor, onderdeur, bo–oor, onderdeur. Die span wat hulle bal eerste agter het en plat sit, is die wenner!

**Wyding**

**Stilword-ritueel**: Speel 'n stukkie rustige musiek in die agtergrond en doen die volgende oefening saam met die kinders teen 'n stadige pas. Almal begin in 'n hopie opgekrul op die grond, net soos 'n saadjie. Die son begin stadig skyn en julle kan die warmte van die son op julle voel skyn, net soos God se liefde. Groei nou stadig en maak asof jy 'n plant is wat groei (almal kan stadig regop kom en regop sit of kniel). Volgende gee God sy genade vir ons elkeen soos wat reëndruppels op plante val(groei en strek jou arms en bene tot dat julle regop staan). Laastens strek jou arms uit net soos die takke van die wingerdloot. Swaai nou jou arms soos takke en laat hang hulle asof daar druiwetrosse hang aan jou hande. Doen 'n kort gebed.

**Woord**

**Aanbieder:** Vandag is ons baie bevoorreg om die seuntjie wat sy kosblik met die skare gedeel het, kastig hier saam met ons te hê. Welkom welkom!

**Man:** Môre maats. Van julle sal my seker nie herken nie, aangesien ek nog baie jonk was toe ek vir Jesus ontmoet en my kosblik gedeel het. Vandag is ek al 'n ou man, maar ek wil julle graag vertel van daardie dag langs die see van Galilea toe iets ongelooflik voor my oë gebeur het. Ek onthou dit nog soos gister.

Daar was nie kameras in daai tyd nie, so ek kon ongelukkig nie foto's neem nie. Ek het wel 'n paar prentjies saamgebring om vir julle 'n idee te gee van wat daardie dag gebeur het.

**Aanbieder:** Hier is vir jou 'n bord waarop jy jou prentjies kan sit terwyl jy vir ons die storie vertel.

**Man:** Baie dankie. Laat ek begin.

*(Plaas die prentjie van die seuntjie op die viltbord.)*

Ek het Oom Filippus geken. Hy was ook van my tuisdorpie Betsaida. 'n Paar van Jesus se dissipels het ook in dié dorpie gewoon.

Op 'n mooi sonskyn dag het die twee ooms, julle ken hulle as dissipels, Oom Filippus en Oom Andreas saam met Jesus die dorpie besoek. *(Sit die twee mans en Jesus op die viltbord).* Die inwoners van die dorpie het gehoor dat Jesus, die Man wat siekes gesond maak, hulle dorpie gaan besoek. Daar was groot opgewondenheid, en almal wou dié Man sien. *(Sit 'n groot skare mense op die viltbord*). Toe Jesus en sy dissipels al die mense sien, het hulle besluit om teen die berg op te loop. Die mense het Jesus gevolg. Hulle wou almal van Jesus se wonderwerke beleef. Terwyl ek so tussen die skare mense gestaan het, het ek gesien hoe Jesus 'n oom van ons dorpie wat al vir jare blind was, gesond gemaak het. Die oom kon weer sien.

Later het dit begin skemer word. Teen daardie tyd was daar al só baie mense dat ek versigtig probeer deurdruk het tot heel voor. Terwyl ek daar naby Jesus sit, vra Jesus vir Oom Filippus: "Waar gaan ons brood koop vir al hierdie mense om te eet?" Oom Filippus sê toe vir Jesus dat dit hopeloos te veel geld gaan kos om vir al hierdie mense brood te gee. Weet julle wat, Oom Filippus het al soveel wonderwerke gesien wat Jesus gedoen het. Miskien wou Jesus Oom Filippus se geloof in Hom toets deur te vra of hy kan gaan brood koop. Jesus het geweet Oom Filippus gaan nie genoeg geld hê nie. Oom Filippus het dadelik getwyfel en gesê dat nie eers 200 mense se dagloon genoeg sal wees om die mense te voed nie.

Ek gaan toe na Oom Andreas toe en sê vir hom dat my ma vir my vyf garsbroodjies en twee gedroogde vissies ingepak het, en dat hy dit maar kan kry en gee vir die mense wat die hongerste is. *(Plak die broodjies en vissies op die viltbord. Indien bok-koms beskikbaar is, laat die kinders proe.)* Oom Andreas het my net aangekyk. Ek dink ek en hy het geweet dat my kossies nie naastenby genoeg gaan wees om al hierdie mense se hongerpyne te stil nie. Oom Filippus het later jare vir my gesê dat daar meer as 5000 mans was, en dan is dit nie die vrouens en kinders bygetel nie. Weet julle hoe baie mense is dit? Sjoe!

Jesus sê toe vir die mense hulle moet op die gras gaan sit. Toe het Jesus die brood geneem. Hy het gebid en vir God dankie gesê vir die brood. Jesus en sy dissipels het my broodjies en vissies vir die mense begin uitdeel. En julle sal nie raai wat gebeur het nie… die broodjies en vissies het net heeltyd meer geword. Dit het nie opgeraak nie. Almal het oorgenoeg geëet. Toe almal versadig was, het Jesus vir Oom Andreas en sy vriende gevra om al die orige kos bymekaar te maak sodat daar geen kos gemors word nie. Daar was 12 mandjies vol garsbroodjies oor! *(Plak 12*

*mandjies op die viltbord).* Noudat ek terugdink aan daardie dag, besef ek dat Jesus ŉ baie groot wonderwerk laat gebeur het om vir sóveel mense genoeg kos te gee met my vyf broodjies en twee vissies!
Nou gaan julle seker vir my vra wat ek daardie dag geleer het en hoekom die storie so belangrik was dat dit in die Bybel geskryf staan. Wel, Jesus het daardie dag ŉ ongelooflike wonderwerk laat gebeur. Hy het ŉ magdom mense gevoed met my vyf broodjies en twee vissies. Ons moet vir God alles gee wat Hy van ons vra, al is dit hoe min. Jesus sal jou goedhartigheid gebruik om ander mense se lewens te verryk.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as jy daar was.
2. Ek wonder hoe jy sou gevoel het as dit jou broodjies en vissies was.
3. Ek wonder of jy kan dink aan ŉ geleentheid waar jy goedhartig kon wees teenoor ŉ ander mens.
4. Ek wonder waar Jesus jou al gebruik het om ŉ wonderwerk te verrig.

**Werskaf**

- Piekniek op die gras/saal: Vra die kinders om ŉ piekniekmandjie en kombers per groep te bring. Die maats deel hulle piekniekkos met mekaar.
- Vissie-doolhof
- Soek die vyf broodjies en twee vissies: Kinders moet 5 broodjies en 2 vissies soek wat weggesteek is in die prent (soos "Where' s Wally?").
- Pasta-en-vissies-armbandjie: Gee vir elke kind ŉ veter, 5 stukkies macaroni (om die broodjies voor te stel) en 2 spons- of kartonvissies (of krale in die vorm van vissies). Laat hulle dit inryg soos op die foto en dit om hul polse vasmaak.

**Sluit af met die seënbede**








Antwoorde vir
“Soek die vissies
en broodjies” →